
# 490 Wagter wakend op die mure




Wagter, wakend op die mure,
sê my, wanneer wyk die nag?
Ag, ons tel die donker ure
tot die aanbreek van die dag.
Wanneer sal die son se strale
mense uit verwarde dwaling
roep om in die helder lig
hulle lewe in te rig?

U, o Jesus, ewig Sterke,
kan gevangenes ontslaan:
deur u reddingswoord en werke
word die weg tot God gebaan.
Ons sien eens geslote harte
oopgaan deur u lydensmarte;
hoor, uit sondenag bevry,
dat hul nou u Naam bely!

Wagter, waarsku tog terdeë:
dag is hier nou pleks van nag!
Laat ons dan nie duister weë
naloop in die helder dag!
Leer ons om in al u werke
trou te staan, o ewig Sterke;
laat ons dien in liefde trou
waar U die gemeente bou.

Wil, o God van mededoë,
voortgaan met u grootse werk;
laat ons lewe en vermoë
toegewy wees aan u Kerk.
In die wonder heilsaanskoue
sterk U ons geloofsvertroue;
dring u liefde ons al meer
in u diens te staaan, o Heer.

Christian G. Barth (1799-1862) Duits (16de eeu)